# HILLCREST HIGH SCHOOL

**Afrikaans Eerste Addisionele Taal**

**VRAESTEL 2**

**Graad 11** — **November 2013**
**Tyd: 2 uur** — **Punte:70**

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

**Afdeling A : Kortverhale (35)**
**Kies TWEE van die drie vrae om te beantwoord.**

**Afdeling B : Gedigte (35)**
**Kies TWEE van die drie vrae om te beantwoord.**

2. **Lees die instruksies baie goed.**

3. **Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.**

4. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad.**
**Mev. Jordaan, Middleton, Meiring, Slattery, Bothma of Mej. Fourie.**


5. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**

6. **Skryf netjies en leesbaar.**

## Afdeling A: Kortverhale.

**Kies enige TWEE vrae om te beantwoord**

### Vraag 1. Engelman



| |
|---|
| **Dis 'n grys dag. Dis koud. Selfs die taxi se verwarmer sukkel om hom warm te hou. Hy vermoed al 'n rukkie die brief gaan kom. Natalie is Maties toe. Daar's baie ouens en sy is mooi.** |

1.1. Daar is twee redes waarom dit vir Chris 'n grys dag is. Een is die weer. Sê in jou eie woorde wat die tweede rede is. (1)

1.2. Wie/wat is Maties ? (1)
1.3. Wie is Natalie ? (1)
1.4. Waar is Chris, waar die weer so koud is ? (1)

1.5.Kies die mees gepaste antwoord en skryf net die letter neer.

1.5.1. Chris is waar hy is want:

A. hy wil daar studeer omdat baie boeke en films daar afspeel.
B. hy wil geld maak en spaar vir sy spesifieke studie behoeftes.
C. hy wil geld maak terwyl hy studeer. (1)

1.6. Haal 1 woord aan wat aandui dat Chris die brief verwag het. (1)

1.7.

| |
|---|
| **Hy spaar vir die voorreg om te studeer sonder die sotternye van ander om hom.** |

Kies die mees gepaste antwoord en skryf <u>net die letter</u> neer.

1.7.1. Waarna verwys die "sotternye"?

A. Ander studente wat nie ingenieurswese studeer nie.
B. Studente wat in koshuise bly.
C. Koshuisstudente se gedrag wat hom sal pla. (1)

1.7.2. Watter woorde beskryf Chris se karakter die beste ?

A. Ernstig
B. Laf
C. Hartseer **(1)**

1.8.

| |
|---|
| **"Ry net, bliksem," sê die pragtige meisie hier langs hom.** |

1.8.1. Wie is die spreker in die uittreksel hierbo ? Gee die persoon se naam. (1)
1.8.2. Hoekom is sy so haastig ? (1)
1.8.3. Die spreker kom van die Bo-Kaap. Wat sê dit vir ons omtrent haar ? (1)
1.8.4. Hoe weet ons dat sy 'n Christen is ? (1)

1.8.5. Watter stelling pas <u>nie</u> by die res <u>nie</u> ? Skryf die stelling volledig uit.

- Sy dink hy praat mooi
- Sy wonder hoe hy sal soen
- Sy hou van sy leesstof
- Sy bewonder sy boude (1)

**1.9. Gebruik die woorde in die blokkie hieronder om die volgende paragraaf te voltooi. Skryf slegs die nommer en die antwoord neer.**

| |
|---|
| **Parys, sy hom kan bewonder, twee, 'n Christen, ou, lees Eco, drie, French Lieutenant's Woman, Londen, sy hom kan kontak, mooi, nuutste.** |

Die meisie wat Chris na die skip toe haas, het 1.9.1.___________ vriende saam met haar. Hulle is op pad 1.9.2.______________ toe. Daar is 2 goed omtrent haar waarvan Chris baie hou, sy 1.9.3.________________ en is 1.9.4.__________________. Hy gee vir haar sy 1.9.5.________________ Umberto Eco boek sodat 1.9.6.____________. (6 X ½ = <u>3</u>)

1.10. Verduidelik in jou eie woorde hoe die meisie sal kan aflei dat Chris Afrikaans-sprekend is. (1)


1.11. Hoe het die meisie daardie dag vir Chris gehelp ? (½)

**(17½)**

**OF**

**Vraag 2. Bottervisse in die jêm**





**Lees die onderstaande uittreksel uit die kortverhaal en beantwoord dan die vrae wat volg.**

> **Ek sit in die lotus-posisie op die mat, worstelend met die wete dat my karma besig is om in dié lewe 'n paar duike op te doen: kunstenaar wees, die pyn van die palet, die eensaamheid van die skeppende gees, die Weltschmerz van die kwas...**
> **"Wat doen jy?" Dieselfde stemmetjie.**

2.1. Wat noem ons die aktiwiteit waarmee die spreker besig is ? (½)

2.2. Haal 'n woord aan wat beteken dat die spreker hartseer/depressief voel. (1)

2.3. Verduidelik in jou eie woorde waarom die spreker dalk rede het om so te voel. (2)

2.4.1. Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die korrekte antwoord neer. Die spreker is 'n kunstenaar. Wat is sy medium ?

- pastel
- skets
- verf (1)

2.4.2. Die woord "karma" in die uittreksel hierbo verwys na:

- die spreker se ateljee.
- die spreker se lot in die lewe.
- die spreker se deurmekaar huis. (1)

2.5. Baie kunstenaars verwys na verskille in hul styl as 'periodes'. Die spreker in hierdie verhaal verwys na 1 van sy periodes. Wat noem hy die periode ? (1)


2.6. Gee 'n woord, van jou eie, wat die kunstenaar se kunswerke beskryf uit:

2.6.1. sy huidige periode (1)
2.6.2. sy vroeëre periode (1)

2.7. Aan wie behoort die stemmetjie waarna daar in die uittreksel verwys word ? (1)

2.8. Stem jy saam met die volgende stelling ?

2.8.1. Aan die begin van die kortverhaal is die spreker baie oop vir 'n verhouding met die jong seuntjie ? Ja / Nee ? (1)
2.8.2. Verduidelik in jou eie woorde watter aksies van die spreker jou antwoord motiveer. (1)



**Dan kom sy om die hoek van die meenthuis langs myne en sê: O, daar is jy. Vir wie pla jy vandag ? Ek is jammer, Meneer, hy is 'n regte agie." Sy is hier by my. Sy steek haar hand uit.**

2.9. Wie is die 'sy' na wie daar hierbo verwys word ? Naam en van. (1)
2.10. Gee die titel van haar werk. (1)
2.11. Sy besit een van die spreker se kunswerke. Wat is die naam daarvan ? (1)

2.12. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is en gee 'n rede wat na die inhoud van die kortverhaal verwys, vir jou antwoord.

Die vrou is 'n weduwee. (2)

2.13. Verduidelik wie Mielie is. (1)

**(17½)**

**OF**

## Vraag 3. Filmstudie: Semi-Soet en Donker Nag


### 3.A. Semi-soet.




Voltooi die onderstaande BLOKKIESRAAISEL.
Vul die antwoorde met POTLOOD op die blokkiesraaisel in, dan moet jy die antwoorde van No.1 tot 10 <u>in jou antwoordboekie</u> neerskryf.
Daar is 2 X No. 4.
Dit is korrek, dit in NIE 'n fout nie.
Skryf altwee no. 4 se antwoorde onder mekaar neer.
( Dit maak nie saak in watter volgorde jy hulle neerskryf nie.)
Skryf die 11 antwoorde ONDER MEKAAR neer.

**Semi soet**

Voltooi die blokkiesraaisel.



**Leidrade:**

**Dwars:**

3. Die naam van die man met wie Karla trou.
4. …… Voetpad: die naam van Vrede en Lust se nuwe vlagskip wyn.
5. Die kleiner van die twee advertensie agentskappe.
7. Die intensiewe vorm van: snaaks.
9. Die eerste fase van wynproduksie.
10. Die tweede fase van wynproduksie.


**Af:**

1. ~~Die naam van die dorp naaste aan die Vrede en Lust landgoed.~~
2. Dit is hoeveel jaar Markus en Jaci verloof was.
4. Die Afrikaanse woord vir: Presentation
6. Die bynaam van Amalgamated Media se eienaar. (In Engels)
8. As 'n man feministies optree.

(11)

**EN**

**3.B. Donker Nag**



> **"Die krag is af," hoor sy iemand sê. Dan die fletsende blou van die volgende straal, die slag. Buite val die reën. Iemand in 'n reënjas storm by die deur uit, struikel by die trap af. Toe die mens in die jas sukkelend orent kom, slaan die weer; hulle sien die mens ruk toe die straal tref, agteroor val en doodstil bly lê.**

3.10. Wie is die hoofkarakter in die kortverhaal ? (½)

3.11. Hoe dra die weer van daardie aand by tot die atmosfeer van die kortverhaal ? (1)

3.12. Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die korrekte antwoord neer.

Wie is die persoon wat in die uittreksel hierbo sterf ?

- 'n polisieman.
- 'n vreemdeling.
- die man van tafel 4. (1)

3.14 Gebruik van die woorde in die blokkie hieronder om die paragraaf te voltooi, skryf slegs die nommer en die woord neer.

| |
|---|
| **Voor, kas, hotel, motortjie, 'n gewapende man, 'n dronk man, studentehuis, kelnerin; badkamer, na, motorfiets, iemand, restaurant, Sanita, bediende, woonstel, Isabel,** |

3.14. Die hoofkarakter in hierdie kortverhaal werk as 'n (3.14.1)_______________ in 'n (3.14.2)_________________. Sy moet daardie aand (3.14.3)___________ werk per (3.14.4)__________________ huis toe ry. Sy is alleen in die (3.14.5.)__________________ wat sy met (3.14.6.)__________________ en 'n paar ander mense deel. Sy het groot geskrik toe sy (3.14.7.) _____ ____________ ________ by die venster gesien het. Sy het in die (3.14.8.) ____________________ weggekruip.

(8 X ½ = 4)

**(6½)**

**SUB-TOTAAL vir afdeling A = 35**

## Afdeling B. Gedigte

**Kies enige TWEE vrae om te beantwoord.**

### Vraag 4: Selfportret

Selfportret (Herman Lintvelt)

Hy sit en dink
(hy is 15 jaar)
waaroor hy moet skryf.
Miskien moet hy kyk
in 'n spieël hoe hy lyk:
die bril
(met vingermerke bevat)
sy hande
(die van iemand wat handewerk ken)
verby sy deurmekaar hare…
Na iemand wat hy nog ten volle moet ontdek.

Op skool 'n A-kandidaat
(Op sy rapport staan:
"hulpvaardig en pligsgetrou")
Tog kla hulle: "Skryf tog leesbaar!"

Atletiek, rugby, krieket –
dis nie sy gebied.
Hy sal eerder
(as die tyd dit toelaat)
voor die rekenaar gaan sit.

En hy sit nou en peins...
oor wat hy, oor homself
as 'n selfportret kan skryf.

---

4.1. Watter tipe spreker vind ons in hierdie gedig ? (½)

4.2. Haal 'n voorbeeld van alliterasie uit strofe 1 aan. (onthou hoe om dit korrek te doen.) (1)

4.3. Noem 3 fisiese aspekte van die persoon wat hy in die spieël sien. (3)

4.4.1. Die seun is slim. Is die stelling waar of onwaar ? (1)
4.4.2. Verskaf bewyse vir jou antwoord deur middel van 'n aanhaling uit die gedig. (1)

4.5. Waaroor kla die onderwysers ? (1)

4.6.1. Wat noem ons die leesteken aan die einde van versreël 15 wat onderstreep is ? (1)
4.6.2. Wat, dink jy, is die funksie daarvan ? (1)

4.7.1. Noem 1 aktiwiteit wat nie die seun se "gebied" is nie.
4.7.2. Wat doen die seun graag ? (2 X ½ = 1)

4.8. Sê of jy met die volgende stelling saamstem. Ja/Nee ?
4.8.1. Die seun vind dit maklik om die selfportret te skryf. Ja / Nee ? (1)
4.8.2. Haal aan om jou antwoord te motiveer. (1)

4.9. Behalwe om 'n selfportret te skryf, op watter ander manier kan 'n mens 'n selfportret maak/doen ? (1)

4.10. Wat dink jy, was die onderwyser se doel toe hy/sy vir die leerders die huiswerk taak gegee het om 'n selfportret te skryf ? Antwoord in 'n goeie sin van jou eie. (2)

4.11. Haal 'n versreël aan wat bewys dat die seun se bril nie silwerskoon is nie. (1)

4.12. Gee twee woorde wat jou karakter sou beskryf as jy gevra sou word om 'n selfportret te skryf

(2 X ½ = 1)

**(17 ½)**

**OF**

## Vraag 5: Sefapano

Sefapano (Johann Lodewyk Marais)

Kruis
na die
opslaan
ons oë
waarheen ons
op die berg
ditapole
mekopu
poone
dikgolo
dipodi
dipere
dikgomo
vir reën
gaan bid
sing
met 'n stok
agter die *moruti*
werksklere
mans in
komberse
vroue met kopdoeke
stofbesaai
deur die suurveld
beweeg
begin die stoet
kom hulle bymekaar
van Hlomisa
aan die voet

5.1. In watter taal bestaan die woorde: moruti, dipere en dikogolo ? (½)

5.2. Gee die Afrikaanse betekenis van die woord: Sefapano. (1)

5.3. In watter provinsie is die Hlomisa berg geleë ? (1)

5.4. Pas die woorde in KOLOM A by die Afrikaanse betekenisse in KOLOM B.
Skryf slegs die nommers en die letters neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 5.4.1. | dipere | A | bokke |
| 5.4.2. | dipodi | B | mielies |
| 5.4.3. | mekopu | C | perde |
| 5.4.4. | poone | D | pampoen |

(4 X ½ = 2)

5.5. Sê in jou eie woorde wat uniek is omtrent hierdie gedig. (1)

5.6. Gebruik van die woorde in die blok hieronder om die paragraaf te voltooi.
Skryf slegs die nommers en die antwoorde neer.

| |
|---|
| **Ore, hulle, sing, dans, reis, ons, loop, oë, onderkant, reën, bid** |

Die gedig beskryf hoe mense en hul diere die (5.6.1.) ____________________ meemaak van die (5.6.2.) ____________________ van die Hlomisa-berg tot by die top-punt sodat (5.6.3.)____________________ daar bo kan gaan (5.6.4.) ____________________ vir (5.6.5.) ____________________. Hulle slaan hulle (5.6.6.) ________________ op na die kruis op die berg.

(6 X ½ = 3)

5.7. Waarom beweeg die mans en vrouens agter die moruti ? (1)

5.8. Watter woord dui aan dat die veld dor of droog is ? (1)

5.9. Wat dra die "vroue" ? (1)

5.10. Wat het die mans aan ? (1)

5.11. Watter graansoort in die gedig is 'n stapelvoedsel ? (1)

5.12. In die gedig, word slegs 2 woorde met hoofletters geskryf. Die een is Hlomisa, en dit is 'n pleknaam. Waarom dink jy, word die ander woord met 'n hoofletter geskryf ? (1)

5.13. Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die korrekte antwoord neer.

5.13.1. Die digter gebruik die woord "stoet" omdat:

- dit na die diere verwys.
- dit na die menigte mense en diere verwys.
- dit na die stof verwys. (1)

5.13.2. Waarom is daar 'n kruis bo-op Hlomisa berg ?

* Die Reënmaker het dit daar geplaas.
* Die spreker se vader het dit daar geplaas.
* Die mense het dit daar geplaas om te gaan bid. (1)

5.14. Daar is 'n goeie rede waarom die digter die beeste eerste plaas in die lys van diere wat saam met die mense beweeg.

5.14.1. Verduidelik in jou eie woorde waarom dit so is. (1)

**(17½)**

**OF**

**Vraag 6: Die mense wat my liefhet:**

Die mense wat my liefhet. (Stephan Bouwer)

1. Die mense wat my liefhet
2. kom groei op my soos mos
3. daar laat ek hul na hartelus gedy
4. en loop deur die wêreld
5. – beskut teen die koue –
6. die snoesigheid self:
7. ek met my moskombers

8. En as daar 'n oorlog kom
9. word die mense wat my liefhet
10. 'n ekstra horinglaag
11. so marsjeer ek deur die wêreld
12. – gepantser teen die vuur –
13. die onaantasbaarheid self:
14. ek met my harnas van been

15. Maar as iemand wat op my gegroei het
16. weggaan
17. kom sit daar 'n wond
18. dan sluip ek deur die wêreld
19. die kwesbaarheid self:
20. ek met my seerplek
21. wat nie wil genees nie

6.1. Kies die mees gepaste antwoord en skryf dan die korrekte antwoord neer.

"'n ekstra horinglaag" (versreël 10) beteken...

- Die spreker het nou horings.
- Die spreker voel beskerm.
- Die horings is nou die spreker se wapen.
- Die spreker het 'n horing van been. (½)

6.2. Sê in jou eie woorde wat bedoel word met: "daar laat ek hul na hartelus gedy" (versreël 3) (2)

6.3. Waarvan is die moskombers 'n simbool ? (1)

6.4. Waarteen beskerm die moskombers die spreker ? (1)

6.5. 1. Haal 'n woord uit strofe 3 aan wat 'n wending aandui. (1)
6.5.2. Watter wending vind plaas ? (1)

6.6. Die spreker is hartseer wanneer iemand wat hom liefhet, weggaan.

**6.6.1.** Is dit WAAR of ONWAAR ? (1)
**6.6.2.** Haal 'n versreël aan om jou antwoord te motiveer. (1)

6.7. Watter woord in strofe 1 staan in teenstelling met die woord "vuur" in strofe 2 ? (1)

6.8. 1. Haal 'n versreël aan wat aandui dat die pyn wat die spreker ervaar nie weggaan nie. (1)
6.8.2. Waarom wil die pyn nie weggaan nie ? (1)

6.9. Pas die woorde in KOLOM A by die woorde in KOLOM B. Skryf net die nommer en korrekte letter neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 6.9.1 | Gepantser teen die vuur | A | Sluip |
| 6.9.2. | 'n ander woord vir seerplek | B | Warmte |
| 6.9.3. | Moskombers gee 'n gevoel van... | C | Wond |
| 6.9.4. | Die spreker loop onseker en bang rond. | D | Beskerm |

(4)

6.10. Noem 2 moontlike redes waarom iemand wat jou liefhet sal weggaan. Skryf jou antwoord in jou <u>eie woorde.</u> (2)

**(17½)**

**SUB-TOTAAL vir afdeling B = 35**

**<u>GROOTTOTAAL: 70</u>**